LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 4 / 2017
7 FEBRUARIE 2017

Geagte ouers en personeel,

James Stalker vertel van ‘n dame wat met haar opleiding geworstel het. Weens siekte in haar gesin kon sy nie haar eerste jaar op universiteit deurkom nie. Sy het nog twee keer daarna gedruip as gevolg van probleme. Was sy ontmoedig? Nie in die minste nie. Sy het haar pragtige persoonlikheid behou, telkens weer van vooraf begin en vooruit gebeur. Vir haarself het sy die volgende gesë; “Ek sal daar kom!” Sy het haar studies met lof geslaag. In plaas daarvan om oor haar teëspoed te struikel het sy daarvan trapklippe gemaak.

Dit is ons as ouers se verantwoordelikheid om ons kinders te leer om te volhard en nooit moed op te gee nie. Wanneer ons kinders met iets begin moet die verwagting daar wees dat hy/sy dit self sal klaar maak. Ons moet baie versigtig wees dat ons as ouers nie die verantwoordelikheid, vir iets wat gedoen moet word, namens ons kinders neem nie. Ons kinders moet van kleins af leer om self verantwoordelikheid te neem vir take wat in en om die huis gedoen moet word.

In 2 Kronieke15:7 staan die volgende: “Maar julle moet vasstaan en nie moedeloos word nie, want julle sal die beloning vir jul optrede ontvang”. Die beloning, vir ons as ouers, is dat ons kinders groot maak wat selfstandig sal funksioneer wanneer hulle die volwasse leefwêreld betree. Die beloning vir ons kinders is, dat hulle eienaarskap neem oor hul eie lewens. Mag die Here ons as ouers seën met wysheid en insig om hierdie belangrike taak van ouerskap na die beste van ons vermoë te doen.

PERSONALIA

Clemens Pretorius se pos is verlede week op verskeie webtuistes geadverteer. Aangeheg is die advertensie. Indien ons ouers weet van iemand wat sou belangstel, stuur asseblief aan. Sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag, 10 Februarie 2017.

AKADEMIE

STUDIEKURSUS: GRAAD 4 TOT 7

Die aanbieder dr Emsie Rheeder skryf….*Die kinders van vandag sal môre se leiers wees en dit is waarom dit so belangrik is dat ons, ons kinders die kuns om effektiewe studie en eksamentegnieke leer.*

Dr Emsie Rheeder bied op Vrydag 10 Februarie van 14:00 tot 17:00 ‘n “Hoogs Effektiewe Studie en Eksamen Tegnieke” werkswinkel vir Gr 4-7 leerders, in die klubhuis aan.

Elke leerder ontvang ‘n 40 bladsy handleiding wat tuis gebruik kan word. Die koste van die kursus beloop R250-00 per leerder.

U as ouer is welkom om die werkswinkel saam met u kind by te woon. Sodoende kan u ook hoor hoe u, u kind kan help.

Elke leerder in Gr. 4-7 het reeds ‘n harde kopie oor die werkswinkel ontvang. Aangeheg was die skeurstrokie. Indien u belangstel dat u kind die werkswinkel bywoon, moet u asseblief voor Donderdag 9 Februarie die skeurstrokie na me Anlie van Zijl in die Leersentrum stuur.

REDENAARSTOESPRAKE: GRAAD 2 TOT 7
Leerders het geleentheid tot die 15 de Februarie om toesprake te lewer in die klasse

BOEKVERKOPINGS TYDENS INLIGTINGSAANDE: GRAAD 1 TOT 7
Tydens die inligtingsaande op 30 en 31 Januarie is daar boekverkopings deur die *Travelling Bookshop* in die skool se voorportaal gehou.

Ouers het in totaal 29 boeke ter waarde van R2,590 namens hul kinders aan die mediasentrum geskenk terwyl kommissie van R545 ontvang is op alle verkope waarvoor nog verdere boeke gratis uitgesoek is. Voor in elke boek sal ‘n kleurvolle skenkersplakker met die jaartal, tesame met die betrokke leerder se naam, aangebring word.

Die bibliotekaresse, me Elize van Wyk, wil hiermee Leeuwenhof se groothartige ouers bedank vir elke boek wat deur hulle geskenk is. Dit word opreg waardeer en dra by tot die hoogstaande gehalte van dié fasiliteit wat intensief gebruik word en wat leerders se kennis lewenslank uitbrei en ‘n liefde vir lees skep.

SPORT

ATLETIEK VS. LOUW GELDENHUYS
Ons atlete het swaar gekry tydens hierdie byeenkoms. Dit was egter goeie voorbereiding vir ons Interlaer

INTERLAER
Eerskomende Woensdag vind die Interlaer by Germiston Stadion plaas. Baie sterkte aan elke atleet wat deelneem en dankie vir die gr. 2 tot 7 ondersteuners wat ons atlete gaan aanmoedig en ondersteun by die atletiek. Die klasse wat 100% verteenwoordiging by die byeenkoms het ontvang byvoorbaat 3 rondtes vir die Kaskardag.

TENNIS
Verlede week is daar kommunikasie aan ouers gestuur rondom tennisafrigting en die tennisklub wat teen betaling geskied. Die skooltennis waar ons ligaspanne ingeskryf het vind in die derde termyn plaas en is kosteloos.

SKAAK

SKAAKMARATHON: GRAAD 1 TOT 7
Die jaarlikse skaakmarathon vind plaas op 11 Februarie in die Laerskoolsaal.
Indien u kind nog wil deelneem, kan hy óf sy nog Donderdag die brief ingee. Daar is ‘n brief in u kind se tas vandag.

SKAAKSTELLE
Indien u nog ‘n skaakstel wil bestel, moet u asb voor óf op Donderdag, 9 Februarie die brief by me Language inhandig fo ‘n epos stuur na elize@leeuwenhof.co.za

OEFENTYE VIR SKAAK
Oefentye vir skaak vind Maandag plaas vanaf 14:15 tot 15:45.

KULTUUR

JUNIORKOOR: GRAAD 1 TOT 3
Oudisies vir die koor vind volgende week plaas en sal onder leiding van Strijdom Erwee en Kobie Pretorius wees.

KLOKSEREMONIE: GRAAD 1 EN NUWE LEERDERS

Verlede Maandag het elke gr 1 leerder asook nuwe leerders in die skool die geleentheid gekry om die klok te lui. Daardeur is hul nuwe paadjie by Leeuwenhof ingelui. Hierdie is ‘n spesiale tradisie vir ons skool en ons glo elke hart het geswel van trots. Die personeel het ook die vlae laat wapper om hulde te bring aan die leerders wat die klok gelui het. Ons glo en vertrou dat elke leerder diep spore by Leeuwenhof gaan uittrap.

KASKARDAG 2017: GRAAD 1 TOT 7

“Nou gaan ons GROOT”

Hierdie jaar se Kaskardag vind plaas op 18 Februarie. Bekendstelling is gedoen, die President van die Republiek Kaskar was by die skool, briewe is uit en ook die borgvorms. Kaskardag 2017 het met ‘n “bang” begin. Die afgelope paar jaar was die mikpunte baie hoog gestel en 2017 gaan ons nog groter. Die mikpunt vir 2017 is - R340 000. Vanjaar se fondse sal aangewend word vir die uitbreiding en opgradering van skoolfasiliteite (Klaskamertegnologie, badkamers en netbalbane).

Ons weet Kaskardag 2017 gaan ‘n groot sukses wees, want elke Kaskardag van Leeuwenhof was ‘n sukses, en dit is alles te danke aan ons wonderlike kinders en ouers.

So Leeuwenhof, kom ons span saam, bring jou vriende en die hele familie en kom maak Kaskardag 2017 nog ‘n groter sukses.

Onthou om jou maat saam te bring!

TOEKENNINGSOGGEND: GRAAD 2 TOT 7

Leerders wat nuut by ons aangesluit het moet voor of op Donderdag, 9 Februarie prestaseis van vorige skole by Charmaine Bosman inhandig. Kontak haar asseblief by charmaineb@leeuwenhof.co.za.

AFHAAL VAN LEERDERS

Indien leerders gedurende skooltyd afgehaal word deur ouers, moet u by me. Bothma in die Ontvangs aanmeld en nie na die leerder/s se klasse toe gaan nie. om . Sekere onderwysers het telefone in hulle klasse wat me Bothma sal help om die leerder/s gou te kry. U sal ‘n hekbrief ontvang wat by sekuriteit ingehandig moet word.

CLICK2CHOW

Click2Chow is ‘n aanlyn bestelblad wat dit nou makliker is vir die kinders om nie in ‘n n ry te staan gedurende pouse nie of as hul hul kos by die huis vergeet het.

Sien hier onder die click2chow skakel wat ouers direk na die snoepie se restaurant en snoepiespyskaart toe neem. Wanneer daar ‘n kosbestelling geplaas word moet ouers duidelik aandui in die "comment" gedeelte wat die onderwyser óf leerder se naam en van is asook die klaskamer, sodat wanneer die leerder die bestelling kom afhaal by die snoepie weet hul presies vir wie dit is.

Ek glo hierdie kontantlose sisteem gaan dinge baie makliker maak vir die ouers, leerders en onderwysers.

Hierdie is die skakel wat gebruik moet word: https://www.click2chow.co.za/leeuwenhof-akademie/

BUITESKOOL PRESTASIES

Graad	Naam van leerder	Prestasie Behaal
3	Bradley Morkel	• Neem deel aan Club Championships KTM Moto Cross fietse. Bradley het derde en vyfde plek behaal in die 50cc klas
4	Jonathan Morkel	• Jonathan ontvang ‘n sertifikaat vir sy tweede plek in die 2016 Amateur series in die 65cc motorfiets wedren.
7	Cézanne Brits	• Cézanne is gekies om haar streek (Suid-Gauteng) by die Interprovinsiale Proewe te gaan verteenwoordig vir aksienetbal.

7	Dané Krouwkamp 	• Dané is gekies om haar streek (Suid-Gauteng) by die Interprovinsiale Proewe te gaan verteenwoordig vir aksienetbal.
7	Ninke Otto 	• Ninke is gekies om haar streek (Suid-Gauteng) by die Interprovinsiale Proewe te gaan verteenwoordig vir aksienetbal.
7	Celia Janse van Rensburg 	• Celia is gekies om haar streek (Oos - Gauteng) by die Interprovinsiale Proewe te gaan verteenwoordig vir aksienetbal.

SNOEPIE

Spesiale snoepie aanbieding vir Vrydag, 10 Februarie is as volg:

- Ribroll: R20.00
- Donuts: R7.00
- Corndogs R15.00

Bestellings kan geplaas word by angie@drehmo.co.za

Bestelling **MOET** asb. voor Vrydag geplaas en betaal word.

Bankbesonderhede is:

- Mufasa's Den
- Nedbank, 1087 629 527, 198765
- Ref.: Kind se naam en graad

BELANGRIKE DATUMS

7 Februarie	Akademiese ondersteuning 07:30
8 Februarie	Atletiek: Interlaer
9 Februarie	Kaskarvergadering vir ouers wat klasverteenwoordigers is
10 Februarie	Studiekursus
11 Februarie	Skaakmarathon: Gr. 1 tot 7
13 Februarie	Toekenningsoggend
	Kaskarvergadering vir ouers wat klasverteenwoordigers is
14 Februarie	Valentynsdag
	Akademiese ondersteuning 07:30
16 Februarie	D-17 atletiekkampioenskappe is geskuif na 21 Februarie
17 Februarie	**AFRIKAANSE TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7**
18 Februarie	Kaskardag
20 Februarie	Interne redenaars
21 Februarie	Akademiese ondersteuning 07:30 D-17 atletiekkampioenskappe by Germiston stadion Rugby –en netbalproewe: D-17 atlete word verskoon
22 Februarie	Rugby –en netbalproewe: Gauteng atlete word verskoon
23 Februarie	WIJ **ENGELS TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7** Reses: Skool sluit 12:00. Busse vertrek 13:10
28 Februarie	Skool begin 08:00 Rugby –en netbalproewe: Gauteng atlete word verskoon

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr C Pretorius	clemens@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof – groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL